DEEL 118 | WEEK 22 | 29 MEI 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Opposisie kap onbefondsde begroting by Ngwathe Raadsvergadering

Raadslede, politieke aktiviste en gemeenskapslede het op 27 Mei die Ngwathe Munisipale Begrotingsraadsvergadering by die Master Nakedi Sportsentrum in Mandela-afdeling, Tumahole, bygewoon. Die vergadering het 'n groot debat ontlok nadat verskeie politieke partye hul teenkanting teen die voorgestelde geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) en begroting uitgespreek het.

Die burgemeester van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Victoria De Beer-Mthombeni, het die raad en inwoners toegespreek en verskeie projekte en prestasies van die munisipaliteit uitgelig. Volgens haar het die munisipaliteit reeds sukses behaal met die opknapping van Mosepedi-saal, die verspreiding van toerusting aan tien entrepreneurs in elke dorp binne Ngwathe, asook die toekenning van meer as 1 000 woonerwe in Schonkenville en Tumahole.

Sy het ook melding gemaak van die munisipaliteit se ondersteuning van die Ngwathe Easter Experience Festival, wat deur die Edgar Legoale-stigting aangebied word. Verder het sy verwys na die aankoop van twee voertuie vir die verkeersafdeling, die brand- en reddingsdienste se reaksie op meer as 600 brandvoorvalle, die voortgesette veldtog teen dwelmmisbruik, die hantering van behoeftige inwoners se aansoeke en die onlangs geloodsde "oorlog teen slaggate"-projek.

Tog het spanning tydens die vergadering ontstaan toe politieke partye soos die DA, EFF en Vryheidsfront Plus aangekondig het dat hulle nie die IDP en begroting ondersteun nie. Verteenwoordigers van die opposisie het die begroting as "onbefonds" beskryf en aangevoer dat dit dieselfde patroon volg wat Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit oor die jare finansieel geknou het.

Die vergadering het later emosioneel en polities gelaai geraak, met beskuldigings dat politieke speletjies belangriker geword het as die werklike krisis waarmee inwoners van Ngwathe daagliks worstel — swak dienslewering, finansiële onstabiliteit en die voortdurende agteruitgang van infrastruktuur.

Tydens die debat het ANC-verteenwoordigers glo aangedui dat partye wat teen die begroting stem, nie salarisse behoort te ontvang nie. Opposisiepartye het egter volgehou dat hulle nie 'n onbefondsde begroting kan ondersteun terwyl inwoners aanhoudend kla oor swak en onvoldoende dienste nie.

Die DA, het sterk teen die voorgestelde begroting gestem gevolg deur ander opposisiepartye, weens ernstige kommer dat die begroting onbefonds en moontlik onwettig is ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA).

Volgens Artikel 18(1) van die MFMA mag geen jaarlikse begroting uit geleende geld befonds word nie, behalwe vir kapitaalprojekte soos deur die wet toegelaat.

Opposisiepartye het aangevoer dat die munisipaliteit nie kan voortgaan om begrotings goed te keur waar die bedryfskoste die realistiese inkomste oorskry, terwyl inwoners terselfdertyd toenemende swak dienslewering, vervalle infrastruktuur en finansiële onsekerheid moet verduur nie.

De Beer-Mthombeni het egter die kritiek verwerp en verduidelik dat die begroting wel vergesel word van 'n befondsingsplan en die nodige beleidsdokumente. Sy het verder gesê dat die verwerping van die begroting ook die verwerping van raadslede se salarisse sou beteken, aangesien dit deel van die begroting vorm.

Slegs ANC-raadslede het uiteindelik hul steun aan die IDP en begroting gegee. Die vergadering het opnuut vrae laat ontstaan oor Ngwathe Munisipaliteit se finansiële toekoms en die uitdagings wat die raad in die gesig staar.

Volgens die opposisie verdien inwoners wettige bestuur, aanspreeklikheid en eerlike finansiële bestuur — en nie intimidasie, dreigemente of politieke vertoon nie.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Kinderbeskermingsweek herinner gemeenskappe aan hul verantwoordelikheid teenoor kinders*

• *Elmarie Els-Hammann*

Kinderbeskermingsweek word vanjaar vanaf 25 Mei tot 1 Junie regoor Suid-Afrika herdenk. Gedurende hierdie week word daar landswyd gefokus op die veiligheid, welstand en regte van kinders, asook die belangrike rol wat elke gemeenskap speel om kinders te beskerm.

Kinderbeskermingsweek bied aan gemeenskappe die geleentheid om doelbewus stil te staan by die uitdagings waarmee baie kinders daagliks gekonfronteer word. Vir talle kinders is mishandeling, verwaarlosing, geweld, boeliegedrag en emosionele trauma steeds ’n realiteit. Hierdie week herinner ons daaraan dat kinderbeskerming nie net die verantwoordelikheid van professionele dienste is nie, maar van elke volwassene wat met kinders in aanraking kom.

Die tema van kinderbeskerming beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om veilige ruimtes vir kinders te skep – by die huis, skool, kerk, sportaktiwiteite en binne die gemeenskap. Kinders het die reg om veilig groot te word, versorg te word en beskerm te word teen enige vorm van mishandeling, uitbuiting of verwaarlosing.

**Daar is verskillende maniere waarop kinders beskerming en ondersteuning nodig het:**

**Fisiese beskerming**

Kinders moet beskerm word teen fisiese mishandeling, geweld, gevaarlike omgewings en enige situasie wat hul veiligheid bedreig. Dit sluit ook veilige toesig, veilige vervoer en behoorlike versorging in.



**Emosionele beskerming**

Woorde en gedrag kan kinders diep beïnvloed. Vernedering, voortdurende kritiek, verwerping en blootstelling aan huislike konflik kan kinders emosioneel skade aandoen. Kinders het ondersteuning, aanvaarding en emosionele veiligheid nodig om gesond te ontwikkel.

**Beskerming teen seksuele mishandeling**

Dit is belangrik dat kinders van ’n jong ouderdom af ouderdomsgepaste kennis ontvang oor liggaamsgrense, privaatheid en veilige aanraking. Kinders moet weet dat hulle “nee” mag sê en dat hulle altyd met ’n betroubare volwassene kan praat indien iets hulle ongemaklik laat voel.

**Digitale veiligheid**

Met die toenemende gebruik van selfone en sosiale media word aanlyn veiligheid al hoe belangriker. Ouers moet bewus wees van die risiko’s van kuberboelie, aanlyn roofdiere en onvanpaste inhoud. Oop gesprekke en toesig oor internetgebruik bly noodsaaklik.

**Voorkoming van verwaarlosing**

Kinders benodig voldoende kos, klere, mediese sorg, onderwys en emosionele ondersteuning. Verwaarlosing kan ’n kind se ontwikkeling ernstig beïnvloed en laat kinders dikwels onseker en onveilig voel.

Kenners wys daarop dat baie kinders wat mishandeling ervaar, nie altyd daaroor praat nie. Daarom is dit belangrik dat volwassenes bewus moet wees van waarskuwingstekens wat daarop kan dui dat ’n kind hulp nodig het.

**Tekens kan insluit:**

- Skielike veranderinge in gedrag
- Onttrekking van familie of maats
- Angstigheid of depressiewe gedrag
- Gereelde beserings of onverklaarbare kneusplekke
- Swak persoonlike versorging
- Aggressie of uiterste stil gedrag
- ’n Daling in skoolprestasie


**Daar is ook praktiese maniere waarop gemeenskappe kinders kan help beskerm:**

- Ondersteun ouers en gesinne wat swaarkry
- Meld vermoedens van mishandeling betyds aan
- Wees betrokke by skole en jeugaktiwiteite
- Leer kinders oor veiligheid en respek
- Skep veilige ruimtes waar kinders welkom en gehoor voel
- Wees ’n positiewe rolmodel vir jongmense

Ouers en versorgers speel ’n kernrol in hierdie proses. Deur kwaliteittyd saam met kinders deur te bring, na hulle te luister en ’n verhouding van vertroue te bou, word kinders meer gemaklik om probleme of bekommernisse te deel. Kinders moet weet dat hulle gevoelens saak maak en dat daar volwassenes is wat hulle sal beskerm en ondersteun.

Kinderbeskermingsweek dien as ’n belangrike herinnering dat elke kind waardevol is en die reg het om in veiligheid en met waardigheid groot te word. Wanneer gemeenskappe saamstaan om kinders te beskerm, word ’n sterker en gesonder toekoms vir almal gebou.

## UIT DIE PEN: *Week 22*



In ons vorige gemeente in ons Oos-Vrystaatse dorpie was ek nogal betrokke by die kerk en die gemeenskap. Ek was nie lid van die susters se bedieninge nie. Ook nie van die Kerkraad of die Versorgingsgroep nie. Ek was daar waar dit die lekkerste was: tussen die musieke.

Ek het af en toe die kerkorrel gespeel wanneer daar regtig nie iemand anders was nie. Want ek het nie die papiere daarvoor gehad nie.

My rooikopsussie was briljant in musiek. Sy het dit selfs gaan studeer. Sy het my soms probeer leer hoe om al die baie note en die pedale op een slag te druk en nog met die ander voet die klank te stel. Ek kon dit nie doen nie. Dit was vrek moeilik.

Toe sy op 3 Julie 2004 hemel toe is, het ek begin kerkorrel speel. Ek het dit gedoen omdat dit lekker is. Ek kry nie meer so baie geleentheid om dit te doen nie, en die senuwees knyp maar wanneer die vlinders nie almal in gelid vlieg nie. Maar daardie eerste groot klanke wat deur die pyporrel kom, is net ongelooflik.

Ek het ook in die kerk se orkes gespeel. Ek het sommer vir ons ’n naam ook uitgedink, die Hebreër Leër of in Engels: The Hebrew Crew. Soms was dit net ons tydens die aanddiens, maar dit was lekker. Ons het ’n wonderlike band met mekaar gehad. Ons het een keer per week saam geoefen en dan Sondagaande musiek gemaak. Daar was kitaar en klarinet en mooi stemme. Dit was lekker.

En toe trek ons na die groot Pretoria toe. Groot skrik. Gedurende die eerste maand het ek elke dag gehuil. Die tweede maand het ek elke tweede dag gehuil. Die derde maand het ek weer elke dag gehuil. Dit was regtig rof.

Op ’n dag vra ’n Vrystaatse vriend: “Hoe vind jy Pretoria?” Ek lag hardop. “Ek vind nog niks!” Want ek verdwaal orals waar ek gaan.

Ek gaan eendag Brooklyn Inkopiesentrum toe. My goeie man bel later: “Wanneer kom jy huis toe?”

Ek was baie kalm. “Wanneer ek my kar gekry het.”

“Wat?” vra hy, “is jou kar gesteel?”

“Nee, ek dink nie so nie. Ek soek hom nog in die parkeerterrein.”

My kar was toe baie veilig parkeer

Wanneer jy dan uiteindelik jou diep, ou wortels uittrek, moet jy ’n plek kry om dit weer te herplant. Dit het ons omtrent ses maande geneem om ’n kerk te kry waar ons amper tuis gevoel het. My goeie man het dadelik gesê dat dit die plek is waar hy sou wou kerk loop, ek het nie heeltemal so gevoel nie, en soms wonder ek nogsteeds. Ons is nou hier vir die afgelope 8 jaar.

In die begin van 2024 skraap ek al my moed bymekaar en gaan sluit by hulle lof- en aanbiddngspan aan. Die eerste lied wat ek moes saam sing was Juanita du Plessis se lied “Die Koning Kom”. Ek was nogal bewerig om daar voor te staan, voor die hele gemeente. Jy kruip nie weg agter ’n klavier of ’n orrel nie, jy staan mooi regop en sing binne-in jou mikrofoon. Man, ek was skrikkerig hiervoor.

En net toe ek dink ek het *in-gesettle*, breek ek my been, en daar gaan my ambisie om deel te wees van die sangbediening. Ek kon nie die trappies na die verhoog opkom nie, en moes vir maande uitsit.

Maar in daardie maande, toe ek pyn gehad het en ek gewonder het of ek weer eendag ordentlik sal kan loop, het ek die mooiste liedere aangeleer. Liedere wat met my en my depressie gepraat het. Soos “Find me at the feet of Jesus”, of “Goodness of God” of “Die Here is my Herder.” Elkeen het in my hart gespeel en ek het sommige Sondae meer gehuil as gesing.

Toe ek uit die gips en die maanstewel was, en trappies kon klim, was ek terug by die musiekbediening. En net daar ontwikkel daar ’n diepte in my geloof, want nou moet ek voor op die verhoog staan en sing en ek moet konsentreer op wat ek sing.

Dis ’n groot voorreg om saam te kan musiek maak. Op ’n goeie dag is daar ’n drommer, ’n baskitaarspeler, ’n akoestiese kitaar, ’n elektriese klavier en drie tot vier sangers. Behalwe vir die voorreg is dit ook ’n groot verantwoordelikheid. Ek moet myself elke keer vra: Glo jy regtig wat jy sing? Dit is waar die verantwoordelikheid deels inkom. Ek het ook die verantwoordelikheid om aan die gemeentelede deur sang te wys dat ek regtig ’n kind van die Here is.

Sondag was ons vier wat gesing het: Ek, Lucia, Adriaan en Johan. Ons stemme harmonieër baie mooi saam.

Iewers gedurende die erediens, vra die predikant of elkeen van die gemeentelede kan opstaan om na iemand anders te stap om hulle welkom te heet by die kerk.

Adriaan, wat twee plekke van my kant af sit, draai so dat hy my kan sien. “Hoor hier, jy moet jou lig laat skyn.”

Net dit.

En daardie woorde het my ’n hele nuwe uitkyk gegee op die week wat kom. Laat jou lig skyn, het Adriaan gesê. Ek kan ander dinge byvoeg: Lig skyn deur die vreeslike inflasie. Lig skyn deur die laaste paar sente van jou maandelikse salaris. Lig skyn al is daar twee mense in jou huis wat verkoue / griep / bronchitis het. Lig skyn al is dit wat ek graag wil hê nie daar nie.

Want om jou lig te laat skyn, het jy net vir Jesus nodig. Binne-in jou hart.

Dankie, Adriaan, ek het vandag geleer dat so ’n kort sinsnede gelaai is met verantwoordelikheid en eerbied en geloof.

Ek gaan my batterye herlaai, en die week met helder ligte ingaan.

# Mei-maand ingekleur met inspirasie en kreatiwiteit

Heilbron Huis- & Tuinbouklub het op 20 Mei 'n besondere kleurvolle vergadering aangebied waar die simboliek van kleur en die krag van kreatiwiteit sentraal gestaan het.

Die oggend het begin met 'n inspirerende opening oor die sewe kleure van die reënboog. Elke kleur is verbind aan God se liefde, genade, geloof, hoop en beloftes. Soos die reënboog ons herinner aan Sy verbond, herinner die verskillende kleure ons ook aan die grootheid van Sy liefde en die lig wat Hy in ons lewens bring.

Gasspreker, Johan Pretorius, van Dealesville het die dames meer vertel oor die verfproduk Medal Paint en hoe verf baie meer as net 'n kleur is. Hy het verduidelik hoe verf ruimtes kan transformeer, beskerm en persoonlikheid aan 'n vertrek kan gee. Volgens hom beïnvloed kleur nie net die voorkoms van 'n vertrek nie, maar ook ons emosies en gemoedstoestand. Sagte blou- en groentone skep rustigheid, geel kleure bring energie en geluk, terwyl wit 'n gevoel van varsheid en netheid skep en pienk sag en verwelkomend voel.

Die dames is aangemoedig om doelbewus kleure te kies wat die gewenste atmosfeer in hul huise skep. Die kleur wat jy kies beïnvloed jou gesin, gaste, kliënte en welstand. Praktiese raad is gedeel oor voorbereiding, die gebruik van kwaliteit gereedskap, die belangrikheid van onderlaagverf, ventilasie tydens verfwerk en die toets van kleure voordat groot oppervlaktes geverf word.

Mens raak maklik verstrengel in jou verantwoordelikhede tussen werk, familie en finansies. Johan het beklemtoon dat kreatiewe projekte soos verfwerk, meubelrestourasie en dekor nie net ruimtes vernuwe nie, maar ook ontspanning en emosionele welstand bevorder. Transformasie in jou omgewing kan jou denkwyse verander en 'n dowwe muur kan weer pragtig word. Verandering begin dikwels met klein stappe, en selfs eenvoudige verbeterings kan 'n groot verskil maak. Dames is ook aangemoedig om nuwe selfdoen-vaardighede aan te leer, dit spaar nie net geld nie, maar skep onafhanklikheid.

Die vergadering is op 'n kreatiewe noot afgesluit toe elke dame die geleentheid gekry het om haar eie blompot te verf en te versier. Die vrolike skeppings was 'n bewys dat kleur, verbeelding en kreatiwiteit 'n besondere invloed op ons leefwêreld het.



*Op die foto voor vl: Elona & Kara Muller & Carin Lakie. Agter vl: Johan Pretorius (Gasspreker), Erika Piater (Tuinbou Bestuurslid), Karla Kriel, Sina Hattingh & Bertha Hancke.*

# Vegkop Boerevereniging se Loodjiewenners bekendgemaak

Die spanning was hoog toe die trekking van Vegkop Boerevereniging se gewilde fondsinsameling-lootjie onlangs plaasgevind het. Groot opgewondenheid het geheers toe die wenners aangekondig is en hul indrukwekkende pryse kon kies.

Die eerste plek is gewen deur JM Joubert, wat die hoofprys – die Howa 1500 Varmint-geweer met kolf – gekies het. Daarby het hy ook 'n slagskaap en 'n blesbok ontvang.

In die tweede plek was Jeffrey Roos, wat weggestap het met 'n slagskaap, 'n naweek vir vier persone by Enkeldoorn Dam, asook 'n sakkie Sensako mieliesaad.

Danie Hattingh Jnr het die derde plek behaal en kon kies vir twee topgehalte volstruise en 'n blesbok.

Vegkop Boerevereniging het hul dank uitgespreek teenoor al die borge, ondersteuners en persone wat lootjies gekoop het om die projek 'n sukses te maak. Die vereniging het ook spesiale waardering uitgespreek teenoor die borge wat gehelp het om die waardevolle pryse moontlik te maak.

Die fondsinsameling het groot ondersteuning vanuit die gemeenskap ontvang en dra by tot die voortgesette werk en projekte van die vereniging.















# Heilbron Gimnastiekklub skitter op Noord-Vrystaat verhoog

Die Heilbron Gimnastiekklub het onlangs hul merk gemaak tydens die Noord-Vrystaat Gimnastiekkompetisie in Bultfontein, waar die klub se talentvolle gimnaste met trots en selfvertroue meegeding het. Onder die bekwame leiding van Kyla Bennink het die span uitstekende prestasies gelewer en verskeie medaljes huis toe gebring.

Die jong gimnaste het met groot toewyding en deursettingsvermoë deelgeneem en bewys dat harde werk en dissipline vrugte afwerp. Die kompetisie het deelnemers van regoor die Noord-Vrystaat gelok en die standaard van deelname was hoog.

**Die volgende uitslae is behaal:**
• Beuné du Plessis – 4.35 punte – Silwer
• Barbie Moyo – 33.4 punte – Brons
• Montaz Schoeman – 33.85 punte – Brons
• Chandré Joseph – 34.4 punte – Silwer
• Lianke Keogh – 34.15 punte – Silwer
• Anuchke Mienie – 34.6 punte – Silwer
• Carisa du Preez – 35.5 punte – Goud

Die klub is besonder trots op elke gimnas wat die Heilbron-naam met trots uitgedra het. Hierdie prestasies is 'n bewys van die groeiende talent en passie vir gimnastiek in die gemeenskap.



*Op die foto regs: Agter: Kyla Bennink. Voor vl: Lianke Keogh, Chandré Joseph, Anuchke Mienie en Carisa du Preez.*



*Op die regs: Agter: Kyla Bennink. Voor vl: Lianelle Moyo, Beuné du Plessis en Montaz Scheoman.*

HEILBRON landbou agriculture

# Veldbrande

**• *Heilbron Landbou***

Dit is alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998
(Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar om werkershuise en ander geboue waar brande nog kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref is om brande te voorkom.

Versuim om gevolg te gee aan die bepalings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

# Oud-Matrikulante van 1969 geniet Reünie



*Op die foto - Voorste ry: Louis Boshoff, Philip van der Merwe. Tweede ry: Susan Marais (Marx), Catharina Kruger (Booysen), Alwyn Swart. Derde ry: Marilyn Swartz (de Klerk), Hannetjie de Groof (Vosloo), Elna Lee (du Plessis). Vierde ry: Neef Groenewald, Johan Labuschagne, Neels du Plooy, Basie Botha, Hennie Fourie. Agterste ry: Christoffel de Bruyn, de Wet Olivier, Koos Naude.*

Die oud-matrikulante van Willem Pretorius Hoërskool se matriekklas van 1969 het onlangs hul halfjaarlikse reünie by die Oranjeville Herberg Hotel gehou.

Die naweek was gevul met lekker saamkuier, nostalgiese herinneringe en die hernuwing van vriendskappe wat reeds oor dekades strek. Tydens die byeenkoms is daar besluit om die reünie voortaan elke ses maande aan te bied, aangesien almal die geleentheid so baie geniet het. 'n Besonderse hoogtepunt van die reünie was dat ses van die oorspronklike prefekte, wat reeds in 1964 saam in Standerd 5 by Volkskool Heilbron was, die geleentheid kon bywoon. Daar was destyds nege prefekte gewees. Sedertdien is een oorlede en een het verhuis, wat die hereniging vir die groep nog meer spesiaal gemaak het. Volgens die oud-skoliere was dit 'n besonder aangename en gesellige naweek vir al die maats wat teenwoordig was. Daar word reeds uitgesien na die volgende reünie wat later vanjaar weer by dieselfde venue sal plaasvind.

Die geleentheid het weereens bewys dat ware vriendskappe en kosbare skoolherinneringe met die jare net sterker word.







*Op die foto: Yolande Rossouw, GP Rossouw en Jolandri Mienie.*

# Ontvang Santam Brons-toekenning vir uitmuntende prestasie

Rossouw Finansiële Dienste het op 11 Mei 2026 die gesogte Santam Insurance Brons-toekenning ontvang vir uitsonderlike prestasie gedurende die 2025 finansiële jaar in die Noordelike en Oostelike Vrystaat- en Noord-Kaapstreek.

Die toekenning is oorhandig deur Fanus Coetzee, Hoof Uitvoerende Beampte: Broker Solutions, en Mike Glasby, Uitvoerende Hoof: Broker Services South by Santam Broker Solutions.

"Julle toewyding, waardevolle advies en onwrikbare ondersteuning vorm 'n belangrike hartklop in ons bedryf – 'n pols van vertroue en samewerking wat ons vorentoe dryf. Dankie vir die warmte van julle vennootskap, die krag van julle insigte, en dat julle saam met ons die hede en toekoms van versekering oorbrug," het Santam se verteenwoordigers gesê.

Hierdie prestasie sou nie moontlik gewees het sonder die lojale ondersteuning en vertroue van Rossouw Finansiële Dienste se kliënte nie. Die maatskappy bedank elke kliënt opreg vir hul volgehoue vertroue – dit is vir hulle 'n voorreg om deel van kliënte se reis te wees en dit wat vir hulle belangrik is, te beskerm.

Rossouw Finansiële Dienste bly daartoe verbind om professionele advies, betroubare diens en gemoedsrus aan kliënte te lewer, en sien daarna uit om hierdie verbintenis in 2026 en verder voort te sit.

# KENNISGEWINGS

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 4797/2024
**Surname:** Makhele
**First Names:** Malesoli Apaphia Motsokoane
**ID Number:** 560921 0217 082
**Last Address:** Stand 326 J, Elite, Phuthadit Jhaba, Province Free State
**First Names of Surviving Spouse**:
Napo Charles Phiri Makhele
**Surname of Surviving Spouse:** Makhele
**Id Number of Surviving Spouse:** 541004 5765 084
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Heilbron
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc. Attorneys
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-05-18
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:**
2026-05-29

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 1804/2026
**Surname:** Oosthuizen
**First Names:** Elsie Maria
**Date of Birth:** 1956/01/01
**ID Number:** 560101 0044 089
**Last Address:** Farm Verdun, District Oranjeville, Province Free State
**Date of Death:** 2023/01/26
**Master's Office:** Bloemfontein
**Name of Executor or Authorised Agent:**
Nicolaas Jaobus Oosthuizen
**Address of Executor or Authorised Agent:**
Farm Riviera, Heilbron, 9650
**Period allowed for lodgement of claims:**
30 days
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc. Attorneys
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-05-18
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:**
2026-05-29

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer No. T3918/2025** passed by The representative in the Estate of the late Khikha Izaac Mafuma, **Estate Number 1191/2024** in favour of
**MANTESO JEANETTE MAFUMA**
**Identity Number 980103 0260 08 9**
Unmarried
in respect of certain
ERF 3392 KWAKWATSI, Extension 1, District KOPPIES, PROVINCE FREE STATE
which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies on 25 May 2026.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26a KERK STREET**
**PO BOX 21, KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 777 1884**
**E-mail: koppies@corven.co.za**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **MATILDA ROUX CRONJE, Identiteitsnommer 321202 0005 08 6**, wie ongetroud was, wat woonagtig was te Huis Sorgvry, Reitz, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 22 April 2021, **boedel nommer 009766/2021.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Reitz, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**


Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald
Office National




Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON




# SMALLS DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# HERALD Sport







**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 01JUNIE 2026**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**WOENSDAG - 03 JUNIE2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

TRICHARDT: HIRSAW LIVESTOCK
BOVELDER Produksieveiling
11: 00, Plaas Grootvlei
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**DONDERDAG - 28 MEI 2026**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

KROONSTAD: TOVIC BRANGUS
Produksieveiling
11: 00, plaas Wonderfontein
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 29 MEI 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006
POSTNET







Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44,
Heilbron

Herald

**Vir die stroop van Mielies en Sojas**



**Koos Engelbrecht**
**082 388 2277**

**VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:**

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING